Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwys Kompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUM BESTUUR

# GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

## HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: ANTWOORDE

## VAK: GESKIEDENIS – EERSTE VRAESTEL

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 26 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE
   - By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
   - By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
   - In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag(vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraestelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

1.2 **Die volgende vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer.**

| **VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE** | |
|---|---|
| **VLAK1 (V1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van mense se optrede of gebeure om onafhanklike gevolgtrekkings oor die optrede of gebeure te maak.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

2. **UITGEBREIDE SKRYFWERK**

- **Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ’n spesifieke sentrum in gebruik is.**
- **Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ’n riglyn vir nasien van ’n spesifieke opstel.**
- **In die assessering van die brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.**

**Globale assessering van opstelle**

Die opstelle sal holisties (global) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te merk. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerd feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Van die leerder sal nie verwag word om slegs' feite'uit te spoeg om sodoende 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om “modelantwoorde" voor te berei en dit dan te reproduseer, sonder inagneming van die spesifieke vereistes van die vraag. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstel van 'n argument;
- Lê toepaslike seleksie van feitelike bewyse om so 'n argument te ondersteun; en
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

**Assesseringsprosedures van 'n opstel**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2. Met die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (in riglyne vir nasien/memorandum aangebring met 'n "bullet") vir elke hoofmoment (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n "bullet") 'n relevante slotopmerking ( in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n "bullet") bv. in 'n antwoord met 5 hoofmomente sal daar 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie — ∧
- verkeerde stelling — ________
- irrelevant — |<br>|<br>|
- herhaling — **R**
- analiseer — **A**√
- interpretasie — **I**√

4. Met die eerste deurlees van die opstel word daar ook bepaal in watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsviak (op die matriks) word toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | |
| | | |

5. Die tweede deurlees van 'n opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 2 | F |
| A | VLAK 2 | 11 |

6. Ken 'n finale simbool en punt met behulp van die matriks toe.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 2 | |
| A | VLAK2 | |

## DIE MATRIKS

Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v 'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel. Beide die inhouds-en aanbiedingsasse is in sewe vaardigheidsvlakke verdeel. Elke vlak het sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.

## GRAAD 12: UITGEBREIDE SKRYWE MATRIKS (30)

## GRAAD 12 RUBRIEK OM UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER

| AANBIEDING<br><br>**INHOUD** | **VLAK 7**<br>Baie goed beplande en gestruktureerd e opstel. Goeie sintese van inligting. Ontwikkel argument.Baie goeie gebruik van getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 6**<br>Goed beplande en gestruktureerde opstel.Sintetise van inligting ontwikkel argument. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 5**<br>Skrywe gestruktureed. Ontwikkel argument. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. | **VLAK 4**<br>Duidelike poging om argument te ontwikkel. Getuienis tot 'n groot mate gebruik om argumemt te ondersteun. | **VLAK 3**<br>Poging aangewend om die inligting in 'n argument te vorm. Getuienis nie goed gebruik om argument te ondersteun nie. | **VLAK 2**<br>In groot mate beskrywend Baie skrale poging om argument te ontwikkel. | **VLAK 1**<br>Antwoord glad nie goed gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is. | 27 – 30 | 24 – 26 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord inhoud relevant tot gedagterigting wat gevolg is. | 24 – 26 | 23 | 21 – 22 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toerreikend en relevant. | | 21 – 22 | 20 | 18 – 19 | | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke t.o.v inhoud/ irrelevante inhoudseleksie | | | 18 – 19 | 17 | 15 – 16 | | |
| **VLAK 3**<br>Feite hou nie altyd verband met die vraag nie.<br>Weglatings. | | | | 15 – 6 | 14 | 12 – 13 | |
| **VLAK 2**<br>Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12 – 13 | 11 | 9 – 10 |
| **VLAK 1**<br>Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Meestal nie relevant nie. | | | | | | 9 – 10 | 0 – 8 |

## Gebruik die Holistiese Rubriek om die uitgebreide skryfwerk te assesseer.

| VLAK | Indien die kandidaat **alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.** |
|---|---|
| **7<br>Uitstekend<br>80 – 100%<br>24 - 30** | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie bloot bronne te lys nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar vanpas, word teenargumente volledig aangespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **6<br>Verdienstelik<br>70 – 79%<br>21 - 23** | Wend goeie poging aan om volhoudend te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Moontlike gebrek aan diepte van algemene fokus of verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>Indien van toepassing, poog om teen-argument te oorweeg<br>Ietwat oppervlakkig of poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **5<br>Substantief<br>60 – 69%<br>18 - 20** | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp meeste van die bronne<br>Gebruik meeste van die bronne<br>Selekteer relevante bronne<br>Goeie gebruik van getuienis uit die bronne<br>Goeie poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Goeie poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking, maar met foute<br>'n Grootliks onoortuigende poging om standpunt in te neem (beperkte poging om oorspronklike slotsom te bereik) |
| **4<br>Gemiddeld<br>50 – 59%<br>15 - 17** | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking toereikend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| **3<br>Toereikend<br>40 – 49%<br>12 – 14** | Swak poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant<br>Geen of baie swak poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| **2<br>Elementêr<br>30 – 39%<br>09 - 11** | Gebruik slegs een of twee bronne<br>Kan nie relevante bronne identifiseer nie<br>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie (waar van toepassing)<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, of glad nie |
| **1<br>Nie behaal nie<br>0 – 29%<br>0 - 8** | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Antwoord uiters swak<br>Bronne oorgeskryf sonder enige relevansie |

## VRAAG 1: HOE HET DIE SPANNING VAN DIE KOUE OORLOG IN DUITSLAND TOT UITING GEKOM NÁ DIE OORLOG?

1.1 1.1.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bronne 1A en 1B – V1 – LU1(AS1)]*
- Jalta konferensie (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Evaluering van Bronne 1A en 1B – V2 – LU1(AS4); LU3(AS1&2)]*
- Diplomatieke konflik tussen die Ooste en die Weste
- Die kwessie van Duitse re-unifikasie
- Die vrees vir die verspreiding van kommunisme (2 x 2) (4)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bronne 1A en 1B – V1 – LU1(AS1)]*
- Sowjet-sektor (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Evaluering van Bronne 1A en 1B – V2 – LU1(AS4); LU3(AS1&2)]*
- Tekort aan voedsel
- Ekonomiese chaos
- Swak lewensomstandighede (2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bronne 1A en 1B – V1 – LU1(AS1)]*
- Alle pad vervoer na Wes-Berlyn af te sny
- Die invoer van voorrade, kos en brandstof te verhoed
- Molotov Plan/Comecon
- Verhoed dat Oos-Blok lande van die hulp gebruik maak (2 x 2) (4)

1.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bronne 1A en 1B – V1– LU1(AS1)]*
- Kon die blokkade ignoreer en daardeur ry
- Kon onttrek uit Berlyn
- Kon met die lugbrug voortgaan en voorrade aan Wes-Berlyn verskaf
- Kon oorlog oorweeg
- Enige relevante antwoord (3 x 1) (3)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V1 – LU1(AS1)]*
- Berlynse Lugbrug (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V1 & VL2 – LU1(AS1); LU3(AS1&2)]*
- Lugbrug wat voedsel, brandstof en voorrade voorsien.
- Het hul lewensstandaard verander.
- Het hulle gered van hongersnood
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V1 & V2 – LU1(AS1); LU3(AS1&2)]*

Bruikbaar

- Verduidelik die betrokkenheid van die Westerse magte in die Koue Oorlog
- Toon die rigting van die vlugte aan
- Toon die gebied aan wat hulp nodig het
- Dit toon ook die lugbrug as die enigste oplossing aan
- Verduidelik die kinders se gevoel
- Enige relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V1 – LU1(AS1)]*

- Verhoed Oos-Berlyners om na Wes-Berlyn te gaan. (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1D – V1 – LU1(AS1)]*

- Kon doodgeskiet word
- Kon gearresteer word (1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V1 – LU1(AS1)]*

- Verdeling tussen die Ooste en die Weste
- Verdeling tussen kommunisme en demokrasie
- Verdeling tussen die VSA en Rusland (2 x 1) (2)

1.3.4 *[Verduideliking van bewyse uit Bron 1D – V1 & V2 – LU1(AS1); LU2(AS3); LU3(AS1&2)]*

- Vrye toegang tussen die Ooste en die Weste het tot 'n einde gekom.
- Het die oorloop van Oos-Duitsers na Wes-Berlyn gestop.
- Spanning tussen die Ooste en die Weste het verhoog.
- Beide bronne deel met die blokkade of afsluiting van gebiede
- Bron 1C deel met die Berlynse blokkade wat verhoed dat voedsel, brandstof en voorrade Wes-Berlyn bereik
- Bron 1D deel met die Berlynse Muur wat verhoed dat mense vanaf Oos-Berlyn na Wes-Berlyn beweeg.
- Enige relevante verduideliking (2 x 2) (4)

1.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne – V2 – LU1(AS1); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]*

Kandidate moet ʼn standpunt inneem en die toestande in Oos-Berlyn beskryf.

Beskrywing kan die volgende punte insluit:

- Berlyners het geen vryheid meer gehad nie
- Families is geskei
- Afgesny van hul werkplek
- Oos-Berlyn was arm
- Lewensomstandighede was swak.
- Gesteun op die Weste
- Weste was ryk
- Het groot hoeveelheid voorrade, kos en brandstof gehad
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende om ʼn punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op baie elementere wyse.<br>• Gebruik bewyse in ʼn mate om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp skryf nie. | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en hou in ʼn groot mate verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse uit bronne op ʼn baie basiese wyse. | Punte: 3 – 4 |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne.<br>• Onttrekte bewyse – hou baie goed verband met onderwerp.<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf. Toon begrip van die onderwerp. | Punte: 5 – 6 |

(6)

1.5 (GEBRUIK HOLISTIESE MATRIKS) UITGEBREIDE SKRYFWERK

1.5.1 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne – V1 – 3 – LU1(AS1&2); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hul respons insluit:

SINOPSIS:

HOOFASPEKTE:
Inleiding: Kandidate moet die weg, vorm, strategie en taktiek bespreek wat elke land gevolg het om sy ideologie te bevorder in die reeks krisisse in Berlyn.

HOOFASPEKTE:
- Inleiding: Kandidate moet aantoon hoe die Berlynse Krisis van 1948/9 die Koue Oorlog laat toeneem het.

UITBREIDING
- Jalta/Potsdam Konferensies het spanning tussen die supermoondhede veroorsaak
- ŉ Kort beskrywing van die Berlynse krisis van 1948/9
- Die Westerse lande sien die opheffing van die blokkade as ŉ oorwinning
- Oos-Wes verhoudinge is verder vertroebel
- Westerse moondhede kondig aan die vereniging van hul sones in die Duitse Federale Republiek (Wes-Duitsland).
- USSR reageer deur haar sone te omskep in die Duitse Demokratiese Republiek (Oos-Duitsland)
- Dit het gelei tot die militarisering van Wes Berlyn en die weg gebaan vir die totstandkoming van streeks-verdedigingsstelsels – NAVO en WARSCHAU.

Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat deur aan te toon dat die Berlynse krisisse, Berlyn werklik die fokuspunt van die Koue Oorlog gemaak het. (30)

**OF**

1.5.2 (GEBRUIK HOLISTIESE MATRIKS)*[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne – V1 – 3 – LU1(AS1&2); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]*

Kandidate moet die volgende respons in hul antwoord insluit:

SINOPSIS:

HOOFASPEKTE:
- Inleiding: Kandidate moet in hul verslag bespreek wie se kant hulle gaan bevorder in die bespreking van die Lugbrug.

UITBREIDING

- Agtergrond tot die verdeling van Berlyn aan die einde van die WW2
- Tekort aan voedsel en ekonomiese chaos veroorsaak dat die drie Westerse sones verenig
- Verander Duitse geldstelsel
- Marshall Plan
- Stalin se reaksie op hierdie hervormings
- Sowjet blokkade van Wes-Berlyn
- Westerse reaksie teen die blokkade
- Lugbrug
- Opheffing van die blokkade deur die Sowjets

- Samevatting: Kandidate moet hul argument in die verslag saamvat deur aan te toon wie se kant hulle ondersteun. (30)

**[75]**

## VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET BYGEDRA TOT DIE ONAFHANKLIKHEID VAN AFRIKA-STATE IN DIE 1960's EN 1970's?

2.1 2.1.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – *V1 – LU1(AS1,2)]*

- Die spotprenttekenaar sien Nkrumah se visie van 'n Verenigde Afrika as 'n dagdroom wat nooit 'n werklikheid sou word nie. Die titel van die spotprent – '*Ghana Dagdroom'* (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU1(AS2,3)]*

- Die spotprenttekenaar het nie Nkrumah as 'n ernstige leier opgeneem nie. (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrek en analiseer inligting uit Bron 2A – V2 – LU1(AS2,3)]*

- Die spotprenttekenaar het Afrika-eenheid gesien as 'n ideaal wat moeilik bereik sou word, te idealisties. (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU1(AS3,4)]*

- Stem saam: Gegewe Afrika se uitdagings, sal dit moeilik wees om alle Afrika state tevrede te stel. Sommige leiers sal Afrika eenheid bedreig.

- Stem nie saam nie: Die feit dat leiers kompromieë aangegaan het om die OAE te vorm is 'n aanduiding dat Afrika leiers verbind was tot Afrika eenheid, ongeag die uitdagings wat hulle in die gesig gestaar het. (2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU1(AS3)]*

- Die reus verteenwoordig Afrika eenheid, wat 'n sterk mag sou wees indien eenheid bereik kan word. (1 x 2) (2)

2.1.6 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2A – V2 – LU1(AS3,4); LU3 (AS2)]*

- Ja:
- Net soos die spotprenttekenaar het baie Europeërs, in die eerste plek nie vertroue gehad in Afrika leiers se vermoë om hul lande te lei nie en tweedens om die kontinent te verenig nie. (2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2B – V2 – LU1(AS3); LU3(AS2)]*

- Deur Afrika eenheid. (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2B – V2 – LU1(AS1); LU2 (AS1,2)]*
- Dit sou Afrika se beeld meer positief uitbeeld.
- Dit sou respek van die wêreld afdwing wat slegs gekyk het na grootte en invloed.
- Dit sou hoop, vertroue en vriendskap skep.
- Omskep en rig dit tot die goedheid van die mensdom.

(Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Analise van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU1(AS2,3)]*
- Dit beklemtoon die belangrikheid van eenheid
- Dit beklemtoon die voordeel van ’n verenigde Afrika
- Dit het Afrika binne wêreldpolitiek geplaas (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V1 – LU1(AS1,2)]*
- Brittanje
- Frankryk
- Duitsland
- Portugal
- Italië
- België (Enige 3 x 1) (3)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V1&2 – LU1(AS3); LU2 (AS2); LU3(AS3)]*
- Ja: Afrika lande het hul onafhanklikheid van koloniale lande ontvang
- Afrika state regeer hulself (2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 2D – V2 – LU1(AS3)]*
- Bron D wys daarop dat Afrikane saam met Europeërs in die oorlog geveg het en het uitgevind dat die Europeërs baie soos hulle is
- Nadat hulle armoede en oorlogvoering in ’n Europese konteks gesien het, was Afrikane oortuig dat hulle koloniseerders nie hul meerdere was nie (2 x 2) (4)

2.4.2 *[Verduideliking van konsep uit Bron 2D – V1 – LU2(AS2,3)]*
- Nasionalisme is die begeerte om mense met ’n gemeenskaplike agtergrond en dieselfde taal, tradisies en gebruike te verenig en daarna te streef dat hulle selfbeskikking sal verwerf.
- Enige relevante verduideliking (1 x 2) (2)

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V2 – LU1 (AS1); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]*

Kandidate moet die volgende in hul respons insluit:

- Pan-Afrikanisme
- Dekolonisasie
- Nasionalisme
- Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie.<br>• Onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse of kan nie oor die onderwerp skryf nie.<br>• Gebruik bewyse/of eie kennis gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf. | Punte: 0 – 1 |
| **VLAK 2** | • 'n Relevante standpunt is ingeneem.<br>• Geldige redes vir standpunt ingeneem word gegee.<br>• Die regverdiging, gebruik van bewyse uit bronne en gebruik van eie kennis toon redelike begrip van die situasie/gebeure/knelpunt.<br>• Toon begrip van 'n bepaalde houding of siening wat eie is aan 'n bepaalde tydperk of plek. | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | • 'n Relevante standpunt is ingeneem.<br>• Logiese, duidelike en geldige redes word gegee om die standpunt wat geneem is te ondersteun.<br>• Die regverdiging hou baie goed verband met die situasie/gebeure/knelpunt.<br>• Bewyse uit die bronne en eie kennis baie goed gebruik om begrip te toon van die verskillende siening van 'n persoon of groep wat eie is aan 'n sekere tydperk of plek. | Punte 5 – 6 |

(6)

2.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK:

2.6.1 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse – V1 – 3 – LU1(AS1&2); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hul respons insluit:

SINOPSIS

Kandidate moet die faktore wat tot die dekolonisasie proses in Afrika in die 1960's en 1970's gelei het, bespreek.

HOOFMOMENTE

- Inleiding: Kandidate moet fokus op waarom dekolonisasie plaasgevind het en wat die faktore was wat tot die dekolonisasie proses in Afrika gelei het.

UITBREIDING
- Blanke oorheersing van Afrika se politieke, ekonomiese en maatskaplike posisie.
- Ondervinding opgedoen deur Afrikane soldate tydens die WW2.
- Die opkoms van nasionalisme onder Afrikane
- Die besef van die voortdurende eksploitasie(uitbuiting) van Afrika se hulpbronne.
- Europeërs het hulle belange in Afrika voortgesit.
- Eerste stap was die eis van politieke mag.
- Enige ander relevante respons.

- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat. (30)

**Gebruik die matriks om die uitgebreide skryfwerk te assesseer.**

2.6.2 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne – VL1 – 3 – LU2(AS2,3); LU3(AS1,2,3,4)]*

Kandidate moet die volgende in hul respons insluit:

SINOPSIS:

Kandidate moet bespreek hoe die slagspreuk "Afrika vir die Afrikane" 'n bindende faktor was wat Afrika state verenig het om hulself te bevry van koloniale beheer. Hulle moet ook verduidelik hoe die slagspreuk gelei het tot die besef dat sleg Afrikane hulself kan bevry.

UITBREIDING

- Afrikane moet 'n Afrika-oplossing vind vir hulle probleme
- 'n Verdeelde Afrika is swak
- Verenigde Afrika kon 'n sterk mag word
- Gesamentlik kan Afrika baie vermag
- 'n Verenigde Afrika kan 'n belangrike rol speel in wêreldpolitiek
- Afrika state sou onafhanklik word
- Behaal selfregering

Samevatting: Afrika moet homself bevry van die boeie van koloniale onderdrukking.

**Gebruik die holistiese matriks om die uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)

**[75]**

**VRAAG 3: WATTER VORM HET DIE STRYD VIR RASSE-GELYKHEID IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN DIE 1960's AANGENEEM?**

3.1 3.1.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1(AS3)]*

- Baie blankes was gekant teen die integrasie van skole in Arkansas. (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V1&2 – LU1(AS1); LU3 (AS2&3)]*

- Die Hooggeregshof het segregasie in skole as onwettig verklaar.
- Die protes het 'n slegte beeld vir die VSA in die buiteland geskep.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU1(AS3,4)]*

- Die blankes was geskok en verbitterd.
- Die burgerregte aktiviste het dit as 'n oorwinning vir hul saak beskou.
- Swart mense het hul optrede verwelkom.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V3 – LU3(AS2,3)]*

- Baie Afro-Amerikaners was nie geregistreer as kiesers nie.
- Swart stemreg sou swart burgerlike regte bewaar en beskerm voor die reg.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2 – LU1(AS1); LU2(AS2,3)]*
- Afro-Amerikaners was vasbeslote om te veg vir hul burgerregte
- Hulle was seker dat hulle die oorwinnaars sou wees.
- Enige aanvaarbare antwoord. (2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2&3 – LU1(AS3); LU3 (AS2)]*
- Die kettings simboliseer die onderdrukking van Afro-Amerikaners.
- Die kettings kan gebreek word deur die uitoefening van stemreg.
- Enige relevante interpretasie. (2 x 2) (4)

3.2.4 *[Evaluasie en bruikbaarheid van Bron 3B – V2 – LU1(AS4)]*
- Die bron sê vir ons dat kieserregistrasie was gebruik om segregasie te beveg.
- Swartes is aangemoedig om te registreer om te stem.
- Was vasbeslote om te oorwin. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Verduideliking van konsep uit Bron 3C – V1 – LU2(A S2,3)]*
- Swartes en blankes het saam gereis op busse, deur die Suide, om segregasie uit te daag. (1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V3 – LU3(AS2)]*
- Die blanke rassiste in die Suide sou uitgedaag word en sou hulle sodoende aanval.
- Die regering sou segregasie beëindig omdat hulle bang was vir die aandag van die wêreld.
- Enige aanvaarbare verduideliking. (2 x 2) (4)

3.3.3 *[Interpretasie en verduideliking van inligting uit Bron 3C – V1&2 – LU1(AS1); LU2(AS3); LU3(AS1)*
- Die Vryheidsritte sou 'n krisis veroorsaak wat die aandag van die wêreld sou trek.
- Die krisis sou die VSA se beeld in die buiteland affekteer.
- Dit sou die regering dwing om op te tree en segregasie te beëindig. (Enige 2 x 2) (4)

3.4.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3D – V1 – LU1(AS3)]*
- Afro-Amerikaners weet wat is vernedering.
- Hulle weet wat is skeltaal.
- Hulle is in die afgrond van verdrukking ingegooi . (2 x 1) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V1&2 – LU1(AS3);LU2 (AS2)]*
- Die wet gee die mense die reg om protes aan te teken.
- Enige relevante interpretasie. (1 x 1) (1)

3.4.3 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en 3D – V2 – LU1(AS3&4); LU2 (AS2&3)]*

- Beide bronne toon die stryd vir burgerregte.
- In Bron 3B word kieserregistrasie gebruik en in Bron 3D is 'n busboikot begin. Albei moedig swartmense tot optrede aan. (2 x 2) (4)

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V2 – LU1 (AS1); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]*

**GEREGVERDIG**

- Liefde kon die houding van blanke Amerikaners teenoor swart Amerikaners verander.
- Sommige blankes het deelgeneem in die burgerregte beweging.
- President Kennedy het die burgerregte beweging ondersteun.
- Nie-geweldadige optrede het positiewe resultate gelewer.
- Liefde kon ook simpatie uit die buiteland lok.
- Enige ander relevante antwoord.

**KRITIEK**

- Swartes is met haat behandel.
- Geweldadige organisasies soos die Ku Klux Klan en Blanke Burgerraad.
- Doodmaak van burgerregte aktiviste.
- Polisie faal om Afro-Amerikaners te beskerm.
- Sommige state faal om die besluite van die Hooggeregshof te implementeer.
- Mishandeling en vernedering van Afro-Amerikaners.
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementere wyse.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan nie oor onderwerp skryf nie. | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse uit bronne en eie kennis op 'n | Punte: 3 – 4 |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Onttrekte bewyse hou baie goed met die onderwerp verband<br>• Gebruik bewyse uit bronne en eie kennis baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon 'n begrip van die onderwerp | Punte: 5 – 6 |

(6)

3.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

3.6.1 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V1 – 3 – LU1(AS1); LU2(AS1,3&3); LU3(AS1,2,3&4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet alle vorms van burgerregteverset verduidelik en die mate waartoe hulle die politieke situasie in die VSA geruk het in die 1960's.

HOOFMOMENTE

Inleiding: Kandidate moet fokus op die vorms van burgeregteverset.

UITBREIDING

- Wetlike roete/uitdaging van segregasie en rassisme
- Boikotte
- Sitstakings
- Vryheidsritte
- Massa-optogte
- Oproer
- Plakkaatstaking (Picketing)
- Stemregistrasie
- Samevatting: Kandidate moet hul standpunt saamvat deur vorms van verset krities te evalueer. (30)

3.6.2 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V1 – 3 – LU1 – (AS1&2); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hul respons insluit:

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die menseregte van Afro-Amerikaners in die VSA geskend was.

HOOFMOMENTE

Inleiding: Kandidate moet verduidelik waarom die menseregte van swartes geskend was.

UITBREIDING

- Behandeling van Afro-Amerikaners as tweede-klas burgers.
- Segregasie van openbare fasiliteite.
- Ontsê van gelyke stemreg.
- Haat en geweld teen Afro-Amerikaners.
- Mishandeling en vernedering.
- Onvermoë van die veiligheidspolisie om hulle te beskerm.
- Sluipmoorde op burgerregte aktiviste.

- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot.

**Gebruik die holistiese rubriek om die uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)

**[75]**

**VRAAG 4: WATTER BYDRAE HET DIE SWARTBEWUSSYN BEWEGING GEMAAK IN DIE VRYHEIDSTRYD IN DIE 1970's?**

4.1 4.1.1 *[Verduideliking van konsepte uit Bron 4A – V1 – LU2(AS2,3)]*

- Swartbewustheid was 'n filosofie wat gegrond is op die geloof dat bevryding van swartes alleen kan plaasvind as die boeie van minderwaardigheid en vrees verwyder is.
- Eerder as om vir blankes te wag om hulle toekoms te bepaal, moes swartes hulle eie politieke veldtogte reël en mekaar help om vryheid te verwerf. (1 x 3) (3)

4.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V1,2 – LU1(AS3); LU3(AS2)]*

- Om hulself te bevry van die boeie van onderdrukking.
- Alle swartes moes werk vir bevryding.
- Swartes moes verantwoordelikheid neem vir hulle eie stryd. (Enige 2 x 2) (4)

4.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 4A – V1 – LU1(AS3)]*

- Dit het gelei tot 'n minderwaardigheidskompleks
- Gebrek aan selfvertroue
- Sielkundige beskadiging. (Enige 2 x 2) (4)

4.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2 – LU1(AS3); LU2(AS3)]*

- Blankes het nie onderdrukking en apartheid soos swartes deur gemaak nie.
- Blankes het nie in swart lokasies/woongebiede gewoon nie.
- Hulle het nie swart skole bygewoon nie.
- Hulle was nie bereid om die apartheidstelsel tot die uiterste uit te daag nie. (Enige 2 x 2) (4)

4.2 4.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V2 – LU1(AS3); LU2(AS3)]*

- Dit simboliseer eenheid.
- Dit simboliseer die Swartbewustheid Beweging. (1 x 2) (2)

4.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V2 – LU1(AS3)]*

Argument 1:

- Kleurlinge en Indiërs is ook deur die apartheidsregering onderdruk.
- Hulle regte is ook geskend.
- Sommige van hulle het saam met swartes gewoon.
- Daar was onder-trouery tussen hulle en swartes.

Argument 2:

- Hulle het beide kante van die lewe onder apartheid geniet.
- Sommige van hulle het gestem vir die Drie-Kamer-Parlement.
- Sommige van hulle het lede geword van die Drie-Kamer-Parlement.
- Hulle huise, skole was beter as die van swartes.
- Hulle het beter ontspanningsgeriewe gehad. (Enige 2 x 2) (4)

4.2.3 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 4A en 4B – V2 – LU1(AS1); LU2(AS3)]*

- Eenheid onder swartes.
- Verduidelik die filosofie van Swartbewustheid. (2 x 2) (4)

4.3 4.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4C – V2 – LU1(AS3)]*

- Hy het getwyfel in die vermoë van swart vlieëniers.
- Hy was slegs gewoond aan blanke vlieëniers.
- Hy was gekondisioneerd en gebreinspoel deur die apartheidstelsel. (2 x 2) (4)

4.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4C – V1 – LU1(AS3)]*

- Dit het hom geleer om nie na kleur te kyk nie.
- Dit het hom vrygemaak van die gees van selfhaat.
- Om trots te wees dat hy swart was. (1 x 2) (2)

4.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 4C – V3 – LU3(AS2)]*

Ons moet ontslae raak van:

- Slagofferskap
- Ons self-haat
- Om rondgeskuif te word soos voorwerpe.
- Besef ons is meesters en meesteresse van ons eie toekoms.
- Ons moet beheer neem van ons eie toekoms.
- Regop loop.
- Nie verskonend wees nie. (Enige 2 x 2) (4)

4.3.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 4C – V3 – LU3(AS2)]*

- Swartbewustheid was nie gekant teen blanke mense nie.
- Hy het swart as mooi gesien
- Pro-swart het die seining dat alles wat swart is, sleg is, vernietig.
- Ons moet trots wees op ons swartheid. (Enige 2 x 2) (4)

4.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit al die bronne – V2 – LU1(AS1); LU2(AS1,2&3); LU3(AS1,2,3&4)]*

Kandidate moet die volgende in hul respons insluit:

- Swartes moet hulself van onderdrukking bevry.
- Hulle moet werk vir bevryding.
- Hulle moet verantwoordelikheid neem.
- Hulle moet selfvertroue ontwikkel.
- Hulle moet hulself van hul minderwaardigheidskompleks bevry.
- Sielkundige beskadiging.
- Swartes moet verenig.
- Hulle moet trots wees op hul swartheid.

Gebruik die rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK1** | • Kan nie bewyse onttrek nie.<br>• Onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementere wyse.<br>• Gebruik bewyse en of eie kennis in 'n mate om 'n paragraaf te skryf. | Punte: 0 – 1 |
| **VLAK2** | • Relevante standpunt ingeneem.<br>• Geldige redes vir standpunt ingeneem word gegee.<br>• Die regverdiging, gebruik van bewyse uit bronne en gebruik van eie kennis toon redellike begrip van die situasie/gebeure/knelpunt.<br>• Toon begrip van 'n bepaalde houding of siening wat eie is aan 'n bepaalde tydperk of plek. | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK3** | • Relevante standpunt ingeneem.<br>• Logiese, duidelike en geldige redes word gegee.<br>• Die regverdiging hou baie goeie verband met die situasie/gebeure/knelpunt.<br>• Bewyse uit die bronne en eie kennis baie goed gebruik om begrip te toon van die verskillende seining van 'n persoon of groep wat eie is aan 'n sekere tydperk of plek. | Punte: 5 – 6 |

(6)

4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK:

4.5.1 *[Verduideliking, analise, sintese en interpretasie – V1 – 2 – LU1(AS3); LU2(AS1,2); LU3(AS2,3,4)]*

Kandidate moet die volgende in hul respons insluit.

SINOPSIS
Kandidate moet die rol van Steve Biko en die Swartbewustheid Beweging in die stryd vir vryheid in Suid-Afrika bespreek.

HOOFMOMENTE
Inleiding: Kandidate moet die bydra van Steve Biko en die Swartbewustheid Beweging in die stryd teen apartheid bespreek.

UITBREIDING
- Stigting van nuwe organisasies wat vasbeslote was om swart bevryding te bevorder bv. Azapo, Cosas, BCMA
- Swartes aangespoor om vir hul regte te veg
- Swartes aangespoor om blanke regeer te verplig om die bestaan van swartes te erken
- Groei van die Suid Afrikaanse Studente Beweging
- Gedien as die eerste stap in die verandering van die onderwys beleid (gebruik van Afrikaans)
- Studente radikaal gemaak om te veg vir die rewolusie
- Bevestiging van swart identiteit
- Biko en Swartbewussyn
- Die invloed daarvan op skole en tersiêre instellings
- Dood van Hector Peterson

- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat deur aan te toon watter suksesse die vryheidstryd bereik het deur die Swartbewussyn beweging en Biko. (30)

**Gebruik die matriks om die opstel te assesseer.**

4.5.2 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V1 – 3 – LU2(AS2,3); LU3(AS1,2,3,4)]*

Kandidate moet die volgende aspekte in hul respons insluit.

SINOPSIS
Die respons moet fokus op die bydrae van die Swartbewustheid Beweging om die waardigheid en selfvertroue van swartes te herstel en swartes te help, om hul vryheid te bereik.

HOOFASPEKTE:
- Inleiding: Kandidate moet die impak van Swartbewussyn in die stryd vir vryheid bespreek.

UITBREIDING:
- Ontwaking van swartes, meer spesifiek die jeug.
- Herstel swart bewussyn.
- Bevorder die gees van selfvertroue.
- Soweto-opstande en Biko se dood het die jong generasie geïnspereer.
- In post-apartheid Suid-Afrikaners het baie Swartbewussyn leiers posisies in die regering beklee.
- Soweto-opstande keerpunt in Suid-Afrika se geskiedenis.
- Vermóë om blanke Suid-Afrika te konfronteer.
- Swartes moes hulself bevry van onderdrukking.
- Hulle moet werk vir vryheid.
- Hulle moet verantwoordelikheid aanvaar.
- Hulle moet selfvertroue ontwikkel.
- Hulle moet hulself bevry van minderwaardigheidskompleks.
- Sielkundige beskadiging.
- Swartes moet verenig.
- Hulle moet trots wees op hul swartheid.

- Samevatting: Kandidate moet hul respons saam vat met 'n relevante slot oor die impak van Swartbewussyn op die bevrydingstryd.

**Gebruik die holistiese matriks om die uitgebreide skryfwerk te assesseer.** (30)

**[75]**

**TOTAAL: 150**